



Vak: Graad 11 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 158 Punte

1. maande | "maande"

3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 6 dat dit dae, weke en selfs **maande** kan aanhou.

Dit hou aan totdat die voedingstowwe ("nutrients") op is, of die seestrome en wind die mikro-alge uitmekaar dryf en dit oor 'n groter gebied versprei ("disperse").

2. waar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in **paragraaf drie** dat rooigety in Januarie 2021 en in Maart 2022 in Elandsbaai voorgekom het. Dit het dus **twee keer** in twee jaar daar gebeur.

3. A: fitoplankton

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 2:

"Die kleur van die water verander gewoonlik na rooi as gevolg van 'n digte konsentrasie van sekere mikro-alge (piepklein plantjies) in die water naby die oppervlak wat buite beheer opbloeit. Hierdie alge word **fitoplankton** genoem."

4. omgewing | giftige afvalstowwe | plankton

6 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 7:

"Rooigety is nie skadelik vir mense nie, maar vir die ekonomie en die **omgewing**. Dit stel soms **giftige afvalstowwe** vry wat skadelik vir sommige vissoorte, seevoëls en mariene diere is, wat van **plankton** leef."

5. B: hoogwater en laagwater

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 1:

"Dit het niks met getye van die see, soos **hoogwater en laagwater** ("high tide and low tide"), te doen nie."



6. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf sewe dui aan dat rooigety **skadelik** vir die ekonomie ("economy") is.

Toeriste ("tourists") **sal nie graag** 'n gebied besoek waar **giftige seediere** en **skulpvis** op die strand uitspoel en die omgewing **'n slegte reuk** het nie.

7. water | temperatuur | lig

6 punte

Verduideliking:

Paragraaf 5:

"Wanneer die **water** baie kalm is, die **temperatuur** net reg en daar is genoeg **lig**, vermeerder die mikro-alge baie vinnig en beweeg nader aan mekaar."

8. asemhalingstelsel. | asemhalingstelsel

3 punte

Verduideliking:

'n Mens se asemhalingstelsel ("respiratory system") word verlam ("paralysed") deur die eet van vergiftigde ("poisoned") skulpvis.

9. "Wanneer rooigety voorkom, word waarskuwings uitgereik en mense word aangeraai om nie van die skulpvis of kreef te eet wat uitgespoel het nie, omdat dit baie giftig is." | Wanneer rooigety voorkom, word waarskuwings uitgereik en mense word aangeraai om nie van die skulpvis of kreef te eet wat uitgespoel het nie, omdat dit baie giftig is. | Wanneer rooigety voorkom, word waarskuwings uitgereik en mense word aangeraai om nie van die skulpvis of kreef te eet wat uitgespoel het nie, omdat dit baie giftig is

3 punte

Verduideliking:

Die plaaslike munisipaliteit plaas gewoonlik **kennisgewings** ("notices") op die strand **om mense te waarsku** teen die eet van giftige seediere en skulpvis wat tydens rooigety uitgespoel het.

10. waar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf 9:

"Mense wat van hierdie giftige seediere en skulpvis eet, kry paraltiese ("paralysing") skulpvisvergiftiging. Dit is die ernstigste ("most serious") van die skulpvisvergiftigings en het aan die Weskus tot **verskeie sterftes** ("several deaths") van mense gelei."

11. konsentrasie | mikro-alge | beheer

6 punte

Verduideliking:

Paragraaf 2:

"Die kleur van die water verander gewoonlik na rooi as gevolg van 'n digte **konsentrasie** van sekere **mikro-alge** (piepklein plantjies) in die water naby die oppervlak wat buite **beheer** opbloeit."



12. C: ontbind

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 6:

"Party **ontbind** en laat 'n aaklige reuk oor die hele omgewing hang."

Ontbind beteken om te vergaan ("decompose").

13. D: suidewind

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 4 dat rooigety veral voorkom wanneer seestrome en die **suidewind** koue water, ryk aan voedingstowwe, uit die diepsee na die seeoppervlak laat beweeg.

14. riviere | riviere. | "riviere." | "riviere"

3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 2 dat rooigety wêreldwyd in seë, mere en **riviere** voorkom.

15. bakterieë | ongemaklik | irriteer

6 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 10 dat hoë vlakke van **bakterieë** in die water dit **ongemaklik** mag maak vir mense om te swem, want dit kan die vel **irriteer** ("irritate").

16. ly aan 'n siekte | swaarkry

4 punte

Verduideliking:

Homofone ("homophones") is woorde wat **dieselfde klink** ("sounds the same"), maar **verskillend gespel** ("spelled differently") word en **verskillende betekenisse** ("different meanings") het, byvoorbeeld:

- **Ly:** Swaarkry of aan 'n siekte ly.
- **Lei:** Iemand begelei of voorloop.



17. C: uitroepsin

4 punte

Verduideliking:

'n **Uitroepsin** ("exclamation") toon sterk **emosie** ("emotion") en eindig met 'n **uitroepteken** ("exclamation mark"), byvoorbeeld:

- Sy het gewen! (blydschap)
- Ons kat is weg! (hartseer)

'n **Tussenwerpsel** ("interjection") kan **deel** van 'n **uitroepsin** ("exclamation") vorm, byvoorbeeld die woord - **genade**:

- Genade, dit klink ernstig!
- Let op: Na die woord, genade, word 'n **komma** gebruik.
- Na die uitroepsin word 'n **uitroepteken** gebruik.

18. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die **trappe van vergelyking** ("degrees of comparison") beskryf verskillende **grade van intensiteit** ("degrees of intensity"), byvoorbeeld:

- die **stellende trap** ("positive form") - kalm
- die **vergrotende trap** ("comparative vorm") - kalmer (-er word bygevoeg)
- en **die oortreffende trap** ("superlative") - kalmste (-ste word bygevoeg).

19. B: Facebook

4 punte

Verduideliking:

'n **Soortnaam** ("common noun") is 'n tipe **selfstandige naamwoord** ("noun").

- Dit word gebruik om **mense, diere en dinge** of te benoem.
- Die mense en diere kan **manlike** en **vroulike** vorme ("male and female forms") hê.
- Dit kan **tasbaar** wees. ("It can be touched.")

Facebook is 'n **eienaam** ("proper noun").

Dit word altyd met 'n **hoofletter** ("capital letter") geskryf en is die sosialemediamaatskappy se eie, unieke naam.



Verduideliking:

Die woord, **waarde**, is 'n **abstrakte selfstandige naamwoord** ("abstract noun").

Ons kan die bepaalde lidwoord ("definite article") "**die**" voor die woord gebruik: **die waarde**.

Ons kan wel **nie daaraan raak** nie. Dit is dus **abstrak** ("abstract").

Die woord het **slegs een vorm** - waarde - dit kan **nie** in 'n **enkelvoud** of **meervoud** gebruik word nie.

Nog voorbeelde van abstrakte selfstandige naamwoorde, is:

- eerbied ("respect")
- woede ("anger")
- hoflikheid ("courtesy")
- vriendskap ("friendship").

21. Die kreef het nie Dinsdag begin uitloop nie. | Die kreef het nie Dinsdag begin uitloop nie | "Die kreef het nie Dinsdag begin uitloop nie" | "Die kreef het nie Dinsdag begin uitloop nie."

3 punte

Verduideliking:

Afrikaans verskil van Engels ten opsigte van die skryf van 'n sin in die **ontkennende vorm** ("negative form"). **Afrikaans** gebruik die **dubbele "nie"** en Engels gebruik slegs een "nie".

Plasing van die "nie" in 'n sin:

Gewoonlik word die **eerste "nie"** **net na** die **werkwoord** ("verb") in die sin geplaas. Die res van die sin volg dan in dieselfde volgorde as wat dit was.

Die **tweede "nie"** kom aan die **einde** van die sin, byvoorbeeld:

- Ek loop plaas toe. Ek loop **nie** plaas toe **nie**. (Die onderstreepte woord is die werkwoord ("verb").)
- Hy hardloop om die blok. Hy hardloop **nie** om die blok **nie**.

Verduideliking:

Die woord, gebeurlikheidsplan, is 'n **samestellende afleiding**, want dit bestaan uit:

- gebeur + lik + heid + s + plan
- stam + agtervoegsel + agtervoegsel + verbindingsklank + stam

'n **Samestelling** is 'n woord wat uit **twee stamme** ("root words") **bestaan**, byvoorbeeld:

- see + dier = seedier (stam + stam)

'n **Afleiding** is 'n woord wat uit 'n **stam** en **voor- en / of agtervoegsels** ("prefix or suffix") bestaan, byvoorbeeld:

- ge + red = gered (voorvoegsel + stam)

'n **Stam** is die **mees basiese** vorm van 'n **woord** wat **alleen** kan staan en 'n **eie betekenis** het, byvoorbeeld:

- bed, vis, stok

Verduideliking:

Nog voorbeelde van die spelreël ("spelling rule") wat toegepas word op die meervoud ("plural") van woorde wat op 'n **-f eindig** is:

- stoof - stowe ("ovens")
- kloof - klowe ("ravines")
- wolf - wolwe ("wolves")
- kolf - kolwe ("cricket bats")
- graaf - grawe ("spades")

Verduideliking:

- **Paronieme** ("paronyms") is woorde wat van dieselfde stam **afgelei** is.
- **Afleidings** is woorde wat bestaan uit 'n **stam en voorvoegsels en / of agtervoegsels** ("root word + prefixes and / or suffixes").

Die **betekenis** ("meaning") van die woorde **verskil**. Byvoorbeeld: Afbreek ("break down") en breekbaar ("breakable").

Verduideliking:

'n **Sinoniem** ("synonym") is 'n woord wat **dieselfde** ("same") of amper dieselfde ("nearly the same") betekenis het as 'n ander woord, maar nie noodwendig dieselfde gevoelswaarde ("emotional value") nie, byvoorbeeld:

- donasie - skenking ("donation")
- kwaliteit - gehalte ("quality").

'n **Antoniem** ("antonym") is 'n woord wat die **teenoorgestelde** betekenis ("opposite meaning") het, soos:

- **agtertoe** teenoor **vorentoe** ("backwards - forwards")
- **modern** teenoor **outyds of antiek** ("modern - old-fashioned or antique").

Verduideliking:

'n **Versamelnaam** ("collective noun") word altyd saam met 'n soortnaam ("common noun") of 'n stofnaam gebruik, byvoorbeeld: 'n groep (versamelnaam) weldoeners (soortnaam).

Betreklike voornaamwoorde ("relative pronouns"), soos **wat**, kom voor in saamgestelde sinne. Dit verwys na eienaam of soortnaam wat voorheen in die sin genoem is, byvoorbeeld: "**kreef** van sowat 6 ton **wat** ..."

Eienaam ("proper nouns") is die eie unieke name ("own unique names") van mense, lande, strate, berge, riviere, skole en winkels of handelsname.

'n **Voorsetsel** ("preposition") (soos op, **agter**, met) kry slegs betekenis ("meaning") wanneer dit saam met ander woorde gebruik word. Dit dui **posisie**, beweging of verhoudings tot iets aan.

Werkwoord ("verb") dui die **aksie** in die sin aan. Elke sin moet 'n werkwoord hê.

27. Stefan Vermaak | dat | dit | beslis nie | speletjies was nie

10 punte

Verduideliking:

Die **indirekte rede** ("indirect speech") word gebruik om **verslag te doen** ("to report") van wat gebeur het of wat gesê is.

Wanneer die indirekte rede geskryf word, word die **dubbelpunt** net na die spreker se naam en die **aanhalingstekens** ("quotation marks") weggelaat.

Wanneer 'n uitroepsin ("eclamation") in die indirekte rede geskryf word, word die **uitroepteken** ("exclamation mark") **weggelaat**.

28. byvoeglike naamwoord | byvoeglike | byvoeglike naamwoord.

3 punte

Verduideliking:

Die **byvoeglike naamwoord** ("adjective") beskryf, definieer ("define") of vertel ons meer van die **selfstandige naamwoord** ("noun").

Dit kan deel wees van 'n sin se **onderwerp** (S) ("subject") of **voorwerp** (O) ("object").

Die meeste byvoeglike naamwoorde het **trappe van vergelyking** ("degrees of comparison"). Soms het byvoeglike naamwoorde ook **intensiewe vorme** ("intensive form"), byvoorbeeld:

- **spierwit**
 - **yiskoud**
 - **popmooi**
-

29. besitlike voornaamwoord | bepaalde lidwoord | bepaalde rangtelwoord

6 punte

Verduideliking:

Daar is slegs ("only") twee **onpersoonlike voornaamwoorde** ("impersonal pronouns") in Afrikaans: **dit** en **daar**.

Die woord, **die**, is 'n **bepaalde lidwoord** ("definite article"), want dit dui 'n spesifieke persoon, dier of ding aan.

Bepaalde rangtelwoorde ("ordinal numbers") dui 'n bepaalde posisie aan, soos: **eerste** of **derde**.

30. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die hulpwerkwoord ("auxiliary verbs") **het** en die voorvoegsel, **ge-** voor die werkwoord (gestrek) dui aan dat dit in die verlede tyd ("past tense") geskryf is.

31. Burger | Die Burger

3 punte

Verduideliking:

Fred Mouton, die gewilde spotprenttekenaar van *Die Burger*, het dit op 2 Augustus 2018 geteken.



32. D: Die blinddoek wat die beplanner dra.

4 punte

Verduideliking:

Ironie ("irony") beteken dat jy presies die teenoorgestelde ("opposite") sê as wat jy bedoel.

In die geval van die strokiesprent ("cartoon"), is die ironie dat hy dit doen terwyl hy 'n blinddoek dra. Beplanning is nie iets wat mens **geblinddoek** ("blindfolded") **kan** doen nie.

33. waar

2 punte

Verduideliking:

Die publiek is ontevrede met die diens van Eskom omdat beurtkrag ("loadshedding") dikwels ingestel word. Die spotprent probeer om **die ontevredenheid te verminder** deur dit **humoristies** ("with humour") uit te beeld.

34. kommentaar lewer | woordspeling | lig

6 punte

Verduideliking:

Fred Mouton, die spotprenttekenaar, gebruik altyd 'n muis om **kommentaar te lewer** êrens in 'n hoekie van die spotprent.

Woordspeling ("pun") is die gebruik van verskillende betekenis van dieselfde woord, byvoorbeeld:

- Eskom verskaf krag wat vir ons **lig** gee.
 - Die figuurlike betekenis van "werp **lig** op 'n saak", wat beteken om dit duidelik te maak sodat jy dit verstaan.
-

35. beplanning | beplanning. | planne | plan

3 punte

Verduideliking:

Die publiek dink nie dat Eskom goeie **beplanning** ("planning") toepas nie.

Die beplanner wat geblinddoek ("blindfolded") veerpyltjies ("darts") na 'n kaart van die land gooi, **versterk hulle idee** dat die beplanning 'n probleem is.

36. waar

2 punte

Verduideliking:

Die opskrif, Swartriet, die foto van die huisie en die ander huisies op die agtergrond ("background"), tussen welige plantegroei ("vegetation") en op die strand ("beach"), maak dit duidelik dat **dit gaan oor verblyf** ("accommodation") **en ontspanning** ("relaxation").

37. foto's van huisies, plantegroei, strand en die see | plaas, see, chalets en webwerf | sal nuwe mens wees | kontakinligting 8 punte

Verduideliking:

'n Advertensie ("advertisement") moet aan vier kenmerke ("features") voldoen.

- Dit moet die leser se **aandag** ("attention") trek.
- Dit moet die leser se **belangstelling** ("interest") prikkel.
- Dit moet by die leser 'n **begeerte** ("desire") wek om die produk te koop of te gebruik.
- Dit moet dit maklik maak vir die leser om tot **aksie** ("action") oor te gaan om die produk te koop.

Hierdie vier kenmerke word die **ABBA-beginsel** ("principle") van advertensies genoem.

38. B: bergklimmers. 4 punte

Verduideliking:

Dit is nie op **bergeklimmers** ("mountain climbers") gerig nie.

Dit sal 'n **goeie vakansieplek** wees vir mense wat:

- wil weghou
- van die see en plaaslewe ("farm life") hou
- 'n konferensie ("conference") wil aanbied

39. telefoon 3 punte

Verduideliking:

Hulle kan gekontak word:

- per **telefoon**
- per **e-pos**.

40. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Die advertensie stel dit baie duidelik: **"Geen troeteldiere"**.

Besoekers **mag nie** hulle troeteldiere saambring nie.

Totaal: 158 Punte